2018/07/11
08:51 AM

Graan SA Oggend Markkommentaar

	DATUM 2018/07/11	DATUM 2018/07/10			+ - LAST WEEK 2018/07/04	
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data
DJIA-index	24920	143.25	0.6%	24777	3.1%	24175
Goud (Spot)	1251.23	-7.25	-0.6%	1258.48	-0.5%	1257.84
Brent $/vat	78.86	0.70	0.9%	78.16	1.2%	77.92
1 € / US$	1.1734	0.00	0.1%	1.1718	0.5%	1.1673
1 US$ / ZAR	13.40	-0.090	-0.7%	13.49	-2.3%	13.72
Corn	R 1 791.49	-44	-2.4%	R 1 835.39	*CBOT Corn Jul cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Jul 12:00 the previous day	
Wheat	R 2 409.64	-106	-4.2%	R 2 516.03	* CBOT Wheat Jul cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Jul 12:00 the previous day	
Soybeans	R 4 130.95	-90	-2.1%	R 4 221.15	* CBOT Soy Jul cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy Jul 12:00 the previous day	

Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day)					
Corn Jul 18	339.60	-6.00	-1.7%	345.60	Pariteitspryse gelewer in Randfontein. Koring DBN invoer pariteit ipv uitvoer pariteit
Wheat Jul 18	489.40	-18.20	-3.6%	507.60	
Soybeans Jul 18	839.00	-12.60	-1.5%	851.60	

PLAASLIKE MARKINLIGTING					Invoerpariteit	Uitvoerpariteit
SORGHUM Jul '18	3200.00	0.00	0.0%	3200.00	3774.00	2079.00
WMAZ Spot	2008.00	-6.00	-0.3%	2014.00	4054.00	1950.00
WMAZ Sep 18	2063.00	-5.00	-0.2%	2068.00	3426.00	1950.00
WMAZ Dec 18	2130.00	-8.00	-0.4%	2138.00	3478.00	2007.00
YMAZ Spot	2090.00	-6.00	-0.3%	2096.00	3426.00	1950.00
YMAZ Jul 18	2149.00	-3.00	-0.1%	2152.00	3426.00	1950.00
YMAZ Sep 18	2216.00	-9.00	-0.4%	2225.00	3478.00	2007.00
SOY spot	4324.00	-12.00	-0.3%	4336.00	6441.00	4384.00
SOY Sep 18	4422.00	-4.00	-0.1%	4426.00	6440.00	4373.00
SUN Spot 18	4651.00	-39.00	-0.8%	4690.00	6438.00	4905.00
SUN Sep 18	4755.00	-45.00	-0.9%	4800.00	6438.00	4905.00
WHEAT July 18	4020.00	-3.00	-0.1%	4023.00	4258.00	3938.00
WHEAT Sep 18	4090.00	16.00	0.4%	4074.00	4412.00	4095.00
WHEAT Dec 18	4150.00	4.00	0.1%	4146.00	4960.00	4646.00

NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE

BY DIE GELD PUT OPSIE	WM	YM
DEC '18 TERMYNPRYS	R 2 130.00	R 2 216.00
CALL TREFPRYS	R 2 140.00	R 2 220.00
CALL PREMIE	R 107.59	R 116.26
GELYKBREEK SAFEX PRYS	R 2 247.59	R 2 336.26

WEEK NR. 10	MIELIE UITVOERE WM	YM	TM
WEEK TOTAAL	6 026	116 272	122 298
JTD TOTAAL	93 923	574 407	668 330
UITVOERBAAR	1 550 000	2 455 000	4 005 000
JTD AS % VAN UITVOERBAAR	6%	23%	17%
TEMPO/WEEK BENODIG	34 669	44 776	79 445

MIELIE PRODUSENTE LEWERINGS			
WEEK TOTAAL	444 993	523 291	968 284
JTD TOTAAL	1 694 309	2 624 187	4 318 496
NOK SKATTING + REGSTELLINGS	6 379 660	5 797 150	12 176 810
% GELEWER VAN OES	27%	45%	35%
TEMPO /WEEK BENODIG	137 804	93 322	231 127

KORING INVOERE	2017/18	2016/17	5 Jr. GEM
WEEK TOTAAL	56 050	25 883	28 263
JTD TOTAAL	1 637 148	581 125	1 111 823
TOTAAL BENODIG	1 930 000	930 728	1 622 999
JTD AS % VAN BENODIG	85%	62%	69%

Markoorsig: Die rand verhandel teen R13,40/$ vanoggend en het goeie ondersteuning gekry vanaf die vlakke waarteen dit gister met marksluiting verhandeling het. Hierdie ondersteuning wat in die rand gesien was is meestal te danke aan die doller wat verswak het en dit het weer 'n positiewe impak op die plaaslike wisselkoers asook die wisselkoerse van die ontluikende lande. Op die kommoditeitsfront verhandel vir Brent Ru-olieprys vanoggend teen $ 78.86 per vat. Die Suid-Afrikaanse besigheidsvertroue-verslag, wat gister vrygestel is, het aangedui dat die besigheidsvertroue in Junie onder druk gekom het, aangesien dit van die 94 in Mei tot 93.7 in Junie gedaal het. Dit was die laagste vlak in die afgelope 8 maande.

Mielies: Die Amerikaanse mieliemark het gister onder druk gekom en het laer verhandel vir die dag aangesien die produksietoestande in die VSA vir die seisoen goed is, wat die moontlikheid van 'n groot oes hierdie jaar ondersteun. Die produksietoestande vir die seisoen word gerapporteer dat 75% van die produksie in 'n goeie tot uitstekende toestand is. Dit is goed bo die vlakke wat verlede jaar dieselfde tyd van die seisoen gerapporteer is. Die USDA het Amerikaanse mielie-uitvoerverkope gerapporteer deur privaat verkopers van 113 000 ton aan Egipte. Die weervoorspelling vertoon kouer toestande met reën in die Amerikaanse Midde-Ooste vir die volgende week tot 10 dae, wat die mielie-oes sal bevoordeel en met groot dele wat in bestuiwingstyd ingaan. Brasilië beraam dat hul tweede mielieoes 56.0 miljoen ton sal wees, 3,8% van die vorige projeksies. Hulle het die land se totale mielie produksie vir 2017/2018 beraam om 82,92 miljoen ton te wees. **Plaaslik:** Die plaaslike mieliemark was gister meestal onder druk en verhandel laer vir die dag in die meeste kontrakmaande wat tans van wit en geelmielies gelys word. Suid-Afrikaanse weeklikse uitvoere vir die afgelope week is 122 298 ton gerapporteer, met 6 026 ton witmielies en 116 272 ton geelmielies.

Sojabone: Die Amerikaanse sojaboonmark het gister ondersteuning gevind en het effens sterker verhandel vir die dag met baie kopers wat die mark betree het omdat die mark winskoop vlakke bereik het. Die Amerikaanse prys wat die afgelope paar weke skerp onder druk gekom het, het tot nuwe laagtepunte gedaal wat dit meer aanloklik gemaak het vir ander internasionale aankopers en invoerders. Die Amerikaanse produksieomstandighede van sojabone is steeds gunstig met die nuutste verslag wat aangedui het dat dit in 'n 71% goed tot uitstekende toestand is terwyl die algemene verwagting in die mark was dat die toestande ongeveer 70% goed tot uitstekend sou wees. Oor die algemeen lyk die toestande goed en is die verwagting dat die Amerikaanse produksie vir die seisoen goed sal wees. In Brasilië is die verwagting dat die produksie vir die seisoen selfs hoër sal wees as wat die aanvanklike verwagtinge was met die land se produksie skatting vir die seisoen wat effens opwaarts aangepas is vanaf 'n vorige skatting en dit word nou op ongeveer 118.8 miljoen ton geskat. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het gister gemeng verhandel met die naby maand kontrakte wat onder druk gekom het terwyl die verder maand kontrakte ondersteuning gevind het en sterker verhandel het vir die dag.

Koring: Die Amerikaanse koringmark het gister onder druk gekom en het laer verhandel vir die dag nadat die Maandag ook laer verhandel het. Die meeste kontrakte van die verskillende koringmarkte het gister gemiddeld 2% tot 3% laer gesluit vir die dag. Die sagte rooi winterkoring het die grootste verliese vir die dag getoon. Die stroop proses van die winterkoring vorder goed en word op 63% voltooi gerapporteer wat beter is as die 5 jaar gemiddeld van 61% voltooi. Die lentekoring se produksietoestande word op 80% goed tot uitstekend geskat wat beter as verlede week en die vorige week se produksietoestande is. Die lentekoring raak ook vinniger ryp hierdie seisoen as die vorige seisoen en die 5 jaar gemiddelde tempo. In ander internasionale nuus word die Franse produksie vir die seisoen ongeveer 1.4% laer geskat as verlede seisoen se produksie. Egipte, Japan en Jordanië het almal hierdie week internasionale tenders uitgesit om koring aan te koop vir invoer doeleindes. **Plaaslik:** Die plaaslike koringmark het gister gemeng verhandel, maar daar was nie groot prysbewegings wat in die mark gesien was nie. In gister se weeklikse SAGIS invoer en uitvoerverslag was die weeklikse koringinvoere op 56 050 ton gerapporteer wat die totale invoere vir die seisoen tot dusver op 1.637 miljoen ton te staan bring.

Plaaslike Markinsigte & Data: *www.grainsa.co.za /www.sagis.co.za*
Internasionale Markinsigte & Data: *www.usda.co.za*

Opgestel deur *Luan van der Walt en Ikageng Maluleke /* ***Vir navrae, kontak****: luan@grainsa.co.za*
Dankie aan die Mielietrust vir die gedeeltelike befondsing van hierdie projek

Everything has been done to ensure the accuracy of this information, however Grain SA takes no responsibility for any losses or damage incurred due to the usage of this information.